JORDANIA PRIMÊR

ONS BOU

Die Jordaantjie

WEEKLIKSE NUUSBRIEF

29/2026

Voorwoord

Daar is iets besonders aan reën. Die eerste druppels wat teen die venster tik, die reuk van nat grond en die sagte geluid van water wat buite val, herinner ons daaraan hoe kosbaar iets so eenvoudig soos water werklik is.

Reën is veel meer as net nat weer. Elke druppel speel 'n belangrike rol in die kringloop van die lewe. Het jy geweet dat reëndruppels nie eintlik traanvormig is nie? Hulle is eerder rond aan die onderkant en platter aan die bokant wanneer hulle deur die lug val. Nog 'n interessante feit is dat 'n groot reënwolk miljoene kilogramme water kan bevat – en tog bly dit hoog bo ons koppe sweef!

Vir ons in die Vrystaat is reën besonder kosbaar. Dit vul ons damme en riviere, gee lewe aan ons landerye, laat die gras groen word en help plante en bome groei. **Sonder genoeg reën sou ons wêreld heelwat anders lyk.**

Maar miskien kan die reën ons ook iets van die lewe leer. Ons almal beleef soms 'n "reënbui" – dae wat moeilik, onseker of hartseer is. Tog weet ons dat geen storm vir altyd duur nie. Ná die reën kom daar dikwels **sonskyn, nuwe groei en 'n vars begin.**

Soos reën die aarde voed, kan ons woorde, dade en vriendelikheid ook ander mense se lewens voed. 'n Glimlag, 'n helpende hand of 'n bietjie aanmoediging kan dalk vir iemand anders die sonskyn ná 'n moeilike dag wees.

Mag ons daarom nie net kla wanneer dit reën nie. Mag ons leer om die waarde van elke druppel raak te sien – en terselfdertyd onthou dat ons almal 'n bietjie "reën" in iemand anders se lewe kan wees.

Geniet hierdie uitgawe van ons skoolkoerant, en laat die reën ons herinner: **waar daar water is, is daar lewe; waar daar hoop is, is daar groei.**

Mag hierdie vakansie, soos die reën, vir ons almal nuwe energie bring – 'n tyd om asem te haal, te groei en met nuwe moed terug te keer vir die laaste rukkie die jaar. **Want na elke reënbui wag daar 'n vars begin.**

- Jordaantjie Redaksiespan

Stefan Bester
Skoolhoof



Skooltye

Maak asb. seker dat leerders betyds by die skool is. Skooltye is as volg:

Graad R: 08:00 – 12:35 (Vrydae 12:35)

Graad 1 – 2: 07:30 – 13:05 (Vrydae 12:45)

Graad 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae 12:50)

Graad 4 – 7: 07:30 – 13:40 (Vrydae 13:00)

Tref asb. reëlings dat leerders betyds by die skool afgehaal sal word.



Skoolfonds

Maak asb. seker dat u kind se skoolfonds tot op datum vereffen is. Baie dankie aan ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal het. Dit is die enigste manier hoe ons kwaliteit onderrig en opleiding aan ons leerders kan verskaf.

Die jaarlikse bedrag beloop R16 200.00 (Graad 1-7) en R16 800.00 (Graad R). Indien u die volle bedrag betaal voor einde Februarie 2026, ontvang u 5 % korting. Kontak Alta met enige navrae.

Registrasie vir die d6-Toepassing (App)

Ons versoek vriendelik dat alle ouers registreer en inteken op die d6-toepassing.
Die d6-toepassing is ons amptelike dissiplineplatform en word gebruik om u as ouer ingelig te hou rondom u kind se gedrag. Laai die d6-app af, kies ons skool en aktiveer kennisgewings om op hoogte te bly.
Indien u enige probleme ondervind kan u per e-pos kontak maak met mnr. Dian van Wyk. Sy eposadres is dian@jordaniapri.co.za

Registrasie vir Time Tree Toepassing (App)

Ons skool gebruik Time Tree vir ons Skoolkalender. TimeTree is 'n gedeelde digitale kalender-toepassing wat skole gebruik om belangrike datums, aktiwiteite en gebeure duidelik met ouers te deel. Dit help gesinne om skoolaktiwiteite, sport, kultuur en vergaderings op één plek te sien en betyds te beplan.

Dankie vir u samewerking om kommunikasie en beplanning so glad moontlik te laat verloop.

Algemeen

1. Skool sluit Woensdag, 23 September

Neem asseblief kennis dat die skool op Woensdag, 23 September om 10:00 sal sluit en op Dinsdag, 6 Oktober om 07:30 heropen.

Ons wens u en u gesin 'n heerlike vakansie toe.

2. Gholfdag - 23 Oktober 2026



Ons jaarlikse gholfdag vind plaas op Vrydag, **23 Oktober** by die Bethlehem Gholfbaan.

Alle belangstellendes wat daardie dag as borg, donateur of speler betrokke wil raak kan vir **Janine Helmand by 082 774 9300** kontak.



Sportuitslae

3. Gimnastiek

Die volgende gimnaste het die streek verteenwoordig tydens die 'Free State Flip Fest' in Bloemfontein.

Dogters Vlak 1:

- Lentelie Botha: 7-8 jaar – Brons
- Nanje Pienaar: 7-8 jaar – Silwer
- Nicah Weyers: 7-8 jaar – Goud
- Lerhoné Janse van Rensburg: 9-10 jaar – Goud

Dogters Vlak 2:

- Mienke Schoeman: 7-8 jaar – Goud
- Clara-Belle Buitendag: 9-10 jaar – Goud (3de in ouderdomsgroep)
- Mieke Ackerman: 11-12 jaar – Goud
- Liezy Labuschagne: 11-12 jaar – Goud
- Franja Wagner: 11-12 jaar – Goud

Dogters Vlak 3:

- Milandri Schoeman: 9-10 jaar – Goud (3de in ouderdomsgroep)
- Nicole Nieuwenhuizen: 9-10 jaar –Goud (1ste in ouderdomsgroep)
- Lea Claassen: 10-11 jaar – Goud (1ste in ouderdomsgroep)

4. Krieket



- Die **1ste krieketspan** het teen Welkom Volkskool en Naudeville gespeel. Hulle wen beide wedstryde! Baie geluk!

- Die **0/11B** wen teen Wilgerivier se 0/11A span met 10 lopies.

5. Hokkie



Tydens die Super 8-hokkietoernooi in Klerksdorp het beide ons 1ste seuns- en dogterspan vierde plekke behaal.
Henro Fourie word aangewys as die beste aanvallende seunspeler van die toernooi.

Die 1ste seuns hokkiespan wen 1-0 teen Trio en word ook aangewys as die NFS **ligawenners**.

Baie geluk aan al die spelers en afrigters. Dit is baie goeie prestasies.

Sportuitslae

6. Swem

Die volgende leerders het aan die Superseals gala deelgeneem in Bloeffontein. Die leerders het aan die volgende items deelgeneem en het baie goed presteer:

Leah Naudé
- 50m Vryslag
-100m Vryslag
-100m Rugslag

George Meyer
-50m Vryslag
-50m Borsslag
-100m Borsslag



Elian Wessels
-50m Vryslag
-100m Vryslag

Nicholis Wheatley
-50m Vryslag
-50m Borsslag
-100m Vryslag
-100m Borsslag
-200m IM

Ross Wheatley
-50m Borsslag
-50m Vryslag
-100m Vryslag

Lilly-May Malan
-50m Borsslag
-50m Vryslag
-50m Rugslag

Sportuitslae

7. Fietsry

UITSLAE

Ons fietsryers het aan die 4de Vrystaatskole bergfietsresies in Kroonstad deelgeneem.

- **Raylene Down** – 3de Sprog Dogter;
- **Mia Coetzer** – 2de Sub-Junior Dogter;
- **Ricco Fourie** – 3de Sprog Seun;
- **Liam Harrington** – 4de Sprog Seun.

VRYSTAATKLERE

Na afloop van Saterdag se finale skolefietsryresies het 'Free State School Cycling' bekend gemaak watter leerders Vrystaatklere ontvang asook watter skole onder die top 5 skole in die Vrystaat geëindig het. Baie geluk aan die volgende leerders wat vir hu puik prestasies met Vrystaatklere beloon is:

·Raylene Down
·Mia Coetzer
·Ricco Fourie
·Liam Harrington

SCHOOLS CYCLING SOUTH AFRICA INTERPROVINCIAL FINAL

Jordania het ook 'n fantastiese 5de plek in hierdie reeks behaal.
As gevolg hiervan is ons skool uitgenooi om aan die 'Schools Cycling South Africa Interprovincial Final' deel te neem op 27 tot 29 September in Stellenbosch. Hier gaan ons teen skole van regoor die land meeding met 'n span van vyf ryers.

ONS JORDANIA-SKOLESPAN

Ons Jordania-skolespan wat ons skool by die finaal gaan verteenwoordig, bestaan uit:

·Mia Coetzer
·Raylene Down
·Ricco Fourie
·Liam Harrington
·Aiden Down

SEISOENAFSLUITING

Baie geluk aan elke ryer wat hierdie seisoen 'n sukses gemaak het. Elke ryer se deelname, harde werk en punte het bygedra tot ons 5de plek in die reeks.
Ons is trots op elkeen van julle!

Kultuuruitslae

8. Musiek

Royal Schools of Music:
Milanri van Heerden het haar graad 2 klavier praktiese eksamen geslaag.

Baie geluk Milanri!



WEEK SE PROGRAM
21 - 25 SEPT

Ma. 21 Sept.
- Toetsreeks
- Krieket: O/13C vs Ficksburg B te Jordania
- Krieket: O/9B vs Harrismith A te Jordania
- Krieket: O/9C vs Ficksburg A te Jordania

Di. 22 Sept.
- Toetsreeks
- Griffons 7's Nasionale week
- Krieket: O/11A vs Hatrrismith A te Harrismith
- Krieket: O/11B vs Vrede A te Jordania

Wo. 23 Sept.
- **Erfenisdag**
- Griffons 7's Nasionale week
- Champs of champs Hokkie te Potchemstroom

Do. 24 Sept.
- Champs of champs Hokkie te Potchemstroom
- Griffons 7's Nasionale week
- Vrystaatkrieket - Seuns

Vr. 25 Sept.
- Voortrekkers - Doornkloof
- Vrystaatkrieket - Seuns

Sa. 26 Sept.
- Voortrekkers - Doornkloof
- Vrystaatkrieket - Seuns

TimeTree

Primêre Skool Jordania
https://timetr.ee/p/jordania_100

◆ URL to Download TimeTree
https://timetr.ee/dl/pcs

#Primêre Skool Jordania
#TimeTreePublicCalendar

100% JORRIES

2026 SKOOLKWARTALE

KWARTAAL 1
14 JANUARIE
TOT 27 MAART

KWARTAAL 2
08 APRIL TOT
26 JUNIE

KWARTAAL 3
21 JULIE TOT
23 SEPTEMBER

KWARTAAL 4
06 OKTOBER
TOT 11 DESEMBER

Personeel verjaarsdae

September

6 - Hennie Ferreira
10 - Tanya du Plessis
12 - Susan Kruger
14 - Anika Welman
18 - Joseph Dhlamini
19 - Nadia de Bruin



Baie geluk!

BANKBESONDERHEDE

Jordania Primêre Skool
Standard Bank, Harrismith
Rek. Nommer: 042 117 453
Takkode: 051001

VIND ONS OOK OP:

KONTAK ONS:

skoolhoof@jordaniapri.co.za

Van Riebeeckstraat, Jordania
Posbus 474, Bethlehem, 9700

058 303 4116

www.jordaniaprimer.co.za

KOMMUNIKASIE RAKENDE AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND

ONS WIL GRAAG ERKENNING GEE AAN ONS LEERDERS VIR HUL PRESTASIES IN AKTIWITEITE BUITE SKOOLVERBAND. STUUR ASB. UITSLAE NA DIE VOLGENDE PERSONEEL:

JUF. FRANCES VD SCHYFF

Prestasies in kompetisies

ATKV Redenaars ; ATKV Radikale kompetisie en ander soortgelyke kompetisies

E-pos na: francesvanderschyff@gmail.com

Akademiese prestasies

(buite skoolverband)

JUF. SUNEL STOFFBERG

E-pos na: stoffbergsunel8@gmail.com

JUF. DINGENA DE KLERK

Sport prestasies

(buite skoolverband)

E-pos na: ogrady.dingena@gmail.com

Kultuur prestasies

(buite skoolverband)

JUF. TANYA DU PLESSIS

E-pos na: tanyadup9@gmail.com

VERSKAF DIE VOLGENDE INLIGTING

Naam van leerder
Datum van deelname
Naam van kompetisie
Plek / Prestasie behaal
Opsioneel: Foto's

ADVERTENSIE

ADVERTEER IN DIE JORDAANTJIE


Kontaknommer: 058 3034116
Kontakpersoon: Nadine Pretorius
Koste: R80,00 per plasing



100% JORRIES

AMPTELIKE SKOOLKALENDER VIR 2026

2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS



Public and School Holidays 2026	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
03 April	Good Friday
06 April	Family Day
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
15 June	Special School Holiday
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
10 August	Public Holiday
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill

Weekends	School days	Special school holidays	
Days for administration	Public holidays	School holidays	

SUMMARY OF 2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

Term	Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
1	(12) 14 January – 27 March	11	53 (55)	0	53 (55)
2	08 April – 26 June	12	58	3+1	54
3	21 July – 23 September	10	47	1	46
4	06 October – 09 (11) December	10	47 (49)	0	47(49)
Total		43	205 (209)	4+1	200 (204)

MAAK JOU

VOETSPOOR

PERMANENT

by Jordania

Word deel van Jordania Primêre Skool se geskiedenis deur 'n naamplaatjie op ons gedenkmuur aan te bring.

R300 per plaatjie

Beskikbaar vir leerders, oudleerders, ouers en vriende van Jordania

Kontak Elizia by 058 303 4116




JORDANIA
PRIMÊRE SKOOL
ONS BOU
JORDANIA
PRIMÊRE SKOOL
Boomplantdag!
VIBURNUMBOOMPIES
TE KOOP!
PRAGTIGE
VIBURNUMBOOMPIES
Ideaal vir enige tuin!
PERFEK VIR
BOOMPLANTDAG
Kom ons maak ons
skoolterrein nog mooier!
SLEGS
R350
PER BOOMPIE
SLEGS
36
BESKIKBAAR!
SPRING GOU!
MOENIE DIT MISLOOP NIE!
Betaal u boompies by Alta
in die tuine rekening.
Stuur bewys van betaling vir Susan
om boompies af te haal.
KOM ONS PLANT VIR DIE TOEKOMS!

Gee jou kind 'n Akademiese voorsprong

Ons Little Readers program is die **perfekte oplossing**.

Deur ons pretbelaaide, **sensories-geïntegreerde lessies**, bou ons 'n sterk leesgrondslag wat 'n **lewenslange liefde vir lees** skep en **akademiese sukses**.



Ons leer nie net kinders om te **lees** nie - ons leer hulle om **LIEF** te wees vir lees!

Skryf vandag in en **gee jou kind die voorsprong** wat hulle verdien!

| www.littlereaders.co.za

Juanita
0832640262

Tina Cowley Leessentrum Bethlehem

- Tina Cowley bied ekstra rekenaargebaseerde leesklasse aan
- Afrikaans en Engelse lesse word aangebied vir Graad R - 12
- Lees lesse fokus op leespoed, leesbegrip en spelling
- Oefeninge vir basiese leesvaardighede, soos:
  - vormwaarneming
  - ruimtelike orientasie
  - en opeenvolging

  word ook gedurende lesse gedoen
- Een klas per week word bygewoon om jou kind se lees vaardighede te help verbeter!





Kontak besonderhede:

083 459 1358

tinacowley.bhm@outlook.com

Tina Cowley Bethlehem

ADVERTENSIE

Jordania Primêre Skool

Tuinskou 2026

Laat Bethlehem blom!

Kom ontdek en bewonder 10 pragtige tuine tydens Bethlehem se Tuinskou!

Saterdag, 14 November 2026

09:00 - 16:00

Kaartjies: R100 per persoon.
Kaartjies beskikbaar by Jordania @ Alta.

Wat kan jy verwag?

- Melissa Bredenkamp as gasspreker, Jordania Skoolsaal om 09:00.
- Besoek 10 besonderse tuine.
- 'n Opwindende gelukstrekking.
- Koffie, tee en 'n versnappering sal bedien word.

Maak seker jy besoek al 10 tuine. Laat jou kaartjie by elke tuin stempel en handig jou kaartjie met 10 stempels in om in aanmerking te kom vir die gelukstrekking.

Kom geniet 'n dag vol tuinprag, inspirasie en lekker kuier!


ARE YOU LOOKING FOR A REGISTERED ACCOUNTANT AND TAX PRACTITIONER?
TAX RETURN 2026
BEST ACCOUNTANT REWARD OF 2026
Wimpie Wagner
Excellent and affordable service.
30 YEARS OF EXPERIENCE
PROFIT & LOSS SUMMARY
FINANCIAL SUMMARY
Wimpie Wagner
REGISTERED ACCOUNTANT & TAX PRACTITIONER
QUALIFICATIONS:
Registered PracticingMember of SAIPA & registered Tax practitioner with SARS & SAIPA
Located in Bethlehem
0829276211
30 YEARS OF EXPERIENCE • PROFESSIONAL • RELIABLE • TRUSTED